Tekste: Johannes 6: 35, 2022; 1 Korintiërs 16: 23-24, 2022; Jesaja 53: 5-9, 1983.
Fokus teks: Matteus 14: 22-33, 2020.
Liedere: Gesang 165: 1-2; VONKK 543: 1-2, 4; Gesang 284: 1-3.

---

AANKONDIGINGS:

Oomblik van stilte, ingelei deur die klok wat lui.

TOETREDE:

O wat ‘n vreugde in ons harte om na u kerk, o Heer, te gaan, want hier kom almal wat u volk is, in u teenwoordigheid saam ~ Gesang 165: 1-2.

VOTUM:

Jesus antwoord: Ek is die brood vir hulle wat ewig lewe. Wie na My toe kom, sal beslis nie weer honger kry nie en wie in My glo, sal beslis nie weer dors kry nie, ja, nooit weer nie ~ Johannes 6: 35, 2022.

SEËNGROET:

Die Here Jesus se genade is met julle. My liefde is ook met julle, want ons almal behoort aan Christus Jesus ~ 1 Korintiërs 16: 23-24, 2022.

Tekste: Johannes 6: 35, 2022; 1 Korintiërs 16: 23-24, 2022; Jesaja 53: 5-9, 1983.
Fokus teks: Matteus 14: 22-33, 2020.
Liedere: Gesang 165: 1-2; VONKK 543: 1-2, 4; Gesang 284: 1-3.

---

LOFSANG:

Kom ons sing VONKK 543 ~ Laat jou lied die Here prys! Die lirieke van die lied is in 2023 deur ds Hannes van der Merwe geskryf. Die musiek is reeds in 1869 deur John Goss geskryf en het toe bekend gestaan as die LAUDA ANIMA (Prys die siel).

GELOOFSBELYDENIS: *Ons is verlos van sonde en dood*

In ‘n Ou Testamentiese profesie van die komende Messias vind ons reeds ‘n profesie oor die verlossing van sonde en die dood. Dit ongeveer 700 jaar voor die koms van Jesus Christus. Daar lees ons van die lydende dienskneg wat vir die verlossing van ander moet sterf. In die tyd van Jesus het dit nog nie gewys op ‘n fisiese persoon nie, maar ons as gelowiges kan eenvoudig nie anders nie om Christus in hierdie profesie te sien nie.

Jesus het gesterf, aan die kruis gesterf vir ons sondes, en daarna is Jesus begrawe. Jesus se begrafnis was belangrik, want dit het die historiese feit van sy dood

bewys. Jesus se dood is die plaasvervangende versoening vir ons sonde. Hy het in ons plek gesterf sodat ons vir ewig bevry kon word van die doodstraf.

Hoe bevrydend is hierdie feit, dat Jesus, deur aan die kruis te sterf, ons ook kom verlos het van die sonde en dat Hy uit die graf opgestaan het, en ons verlos het van die ewige dood.

JESAJA 53: 5-9, 1983

5 Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.
6 Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.
7 Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie.

8 Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en
wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny
is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die
sonde van my volk.
9 Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars
in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was
hy nooit vals nie.

GEBED:

PREEK:

Dissipelskap: Waar begin ‘n mens?

Hierdie is reeds ons derde preek in ‘n reeks van ses oor dissipelskap. In die eerste preek van die reeks het ons gepraat oor GEROEP word deur Jesus. In die tweede preek het ons gepraat oor GELEER word deur Jesus. Vandag dink en praat ons oor GEWYS word deur Jesus. Wat WYS Jesus ons van dissipelskap?

Hiervoor gaan ons na een so ‘n voorbeeld in die Bybel ...

Tekste: Johannes 6: 35, 2022; 1 Korintiërs 16: 23-24, 2022; Jesaja 53: 5-9, 1983.
Fokus teks: Matteus 14: 22-33, 2020.
Liedere: Gesang 165: 1-2; VONKK 543: 1-2, 4; Gesang 284: 1-3.

---

MATTEUS 14: 22-33, 2020:

[22]En onmiddellik het Jesus sy dissipels verplig om in die boot te klim en solank voor Hom uit na die oorkant te vaar, terwyl Hy die skare wegstuur. [23]Nadat Hy die skare weggestuur het, het Hy teen die berg opgegaan om in afsondering te bid. Toe dit aand geword het, was Hy daar alleen. [24]Die boot was reeds 'n hele aantal stadion (*185 m*) weg van die land af, en is deur die golwe heen en weer geslinger, want die wind was teen hulle. // [25]In die vierde nagwaak (*3:00-6:00*) het Hy na hulle toe aangeloop gekom op die see *(‘n Binnelandse meer, ook bekend as die meer van Gennesaret, of die see van Galilea of die see van Tiberias*). [26]Toe die dissipels Hom op die see sien loop, het hulle vreesbevange geraak en gesê, “Dit is 'n spook!” en van angs begin skreeu. [27]Maar Jesus het dadelik vir hulle gesê: “Hou moed, dit is Ek; moenie langer bang wees nie.” // [28]Petrus het Hom geantwoord: “Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.” [29]Hy het gesê: “Kom!” Petrus het van die boot afgeklim en op die water geloop, en na Jesus begin gaan.

30 Maar toe hy sien hoe sterk die wind was, het hy bang
geword. Toe hy begin sink, skreeu hy: “Here, red my!”
31 Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en
vir hom gesê: “Kleingelowige, waarom het jy begin
twyfel?” 32 Toe hulle in die boot klim, het die wind gaan lê.
33 Dié in die boot het voor Hom neergeval en gesê:
“Waarlik, U is die Seun van God!”

Ons maak dikwels die uitspraak: *Die Bybel is ons rigsnoer of maatstaf*. Hierdie opmerking kom natuurlik uit die Bybel self. Daar is ook nog ander beelde vir die Woord van God, soos die Bybel is die lamp vir ons pad. Hiermee sê ons die Bybel leer ons van ‘n lewe *Coram Deo* (‘n lewe voor God) of selfs ‘n lewe *En Cristos* (‘n lewe in Christus / ‘n lewe met Christus in my).

Vir die doel van ons prediking vandag sal ons kan sê ons leer in die Bybel van Christus Jesus en ons leer van Christus Jesus in die dinge wat in die Bybel van hom geskryf staan (Sy woorde, gedagtes en dade).

Nou is daar 'n spesifieke vraag op ons tafel. Wat wys die gedeelte wat ons saamgelees het vir ons van Christus Jesus? & Wat wys die gedeelte oor Christus Jesus ons van dissipelskap?

Ek en die Bybelstudie groep het op Woensdag dieselfde vraag aan mekaar gevra en daar was 'n verskeidenheid antwoorde wat ons ook vandag met mekaar kan deel.

Eerstens het ons in die gelese gedeelte iets raakgesien van Jesus se omgee en gasvryheid. Daar is stringe en stringe voorbeelde daarvan in die Bybel. Ek dink byvoorbeeld aan Jesus wat vir mense wat honger was kos gegee het. Saam sal ons aan baie gedeeltes kan dink. In ons gelese teks gedeelte, verdwyn Jesus nie net nie; ons lees hy het die skare gegroet en gebly tot almal huis toe gegaan het. Jesus wys hier vir sy dissipels hoe lyk 'n gasvrye hart.

Tekste: Johannes 6: 35, 2022; 1 Korintiërs 16: 23-24, 2022; Jesaja 53: 5-9, 1983.
Fokus teks: Matteus 14: 22-33, 2020.
Liedere: Gesang 165: 1-2; VONKK 543: 1-2, 4; Gesang 284: 1-3.

---

Reeds in Handelinge twee lees ons van die eerste gemeenskappe van gelowiges (eerste gemeentes). Hulle het gereeld bymekaar gekom, vir mekaar omgegee, saam gebid en saam geëet. Hulle het die kenmerk van gasvryheid uitgeleef.

Ek onthou ook vandag woorde wat ek iewers gelees het: ‘n mens preek, raas en dreig mense nie in die kerk in nie, maar ‘n mens kuier mense in die kerk in (gasvryheid).

Zuurfontein gemeente se koffie drink kultuur weerspieël iets hiervan. Ons saamwees voor, tydens en na die erediens bedoel om iets, van die gasvryheid wat Jesus vir ons gewys het, te weerspieël. Kom ons sê dit maar: Daar is nie kerk van Christus Jesus sonder gasvryheid nie.

Ek wil die gedagte van gasvryheid afsluit en sê ons behoort elkeen ook gasvry teenoor alle mense op ons pad te wees. God werk met mense, deur mense! Hoe

gaan die wêreld van Christus Jesus se gasvryheid leer as ons dit nie teenoor hulle uitleef nie?

Die tweede belangrike kenmerk wat Jesus in die teksgedeelte vir ons gewys het is die nodigheid van gebed. Selfs Jesus het dit dikwels nodig gevind om sy batterye met stilte en gebed te herlaai. Ons lees Jesus het stil eenkant gegaan, nadat hy die mense weggesien het en voordat hy die dissipels in hulle nood gaan ondersteun het. Daar in die donker het Hy met sy Vader tyd spandeer.

Ons moet gebed ook net mooi verstaan. Ons hoef nie eers woorde te dink of te praat as ons bid nie. Die Bybel leer ons dat God in elk geval weet wat ons gaan bid. Ons kan maar net in die teenwoordigheid van God wees. Ons leer ook dat ons God biddend veral in stilte kan ontmoet. Dit beteken wel dat ek soos Jesus ons gewys het, tyd en stilte doelbewus daarvoor moet inrig.

Tekste: Johannes 6: 35, 2022; 1 Korintiërs 16: 23-24, 2022; Jesaja 53: 5-9, 1983.
Fokus teks: Matteus 14: 22-33, 2020.
Liedere: Gesang 165: 1-2; VONKK 543: 1-2, 4; Gesang 284: 1-3.

---

Soms sê ons: Ek is moeg ... Ek is klaar ... Genoeg is genoeg, met ander woorde my battery het pap geword. Geen mens en selfs nie Jesus se battery was vir altyd vol nie. Ons is geskep met ‘n geestelike en fisiese battery wat pap raak, veral vinnig as ek baie hard werk en fisies en geestelik nooit tot rus kom nie. Dan gaan slaap ek vanaand en staan môreoggend steeds moeg op.

Het jy al so gevoel? Voel jy vandag so? Wel, Jesus het vir ons gewys ons moet tyd maak om ons batterye te herlaai ... ons moet stil word in die teenwoordigheid van God en ons afsonder vir gebed.

Ag ... Jesus wys ons soveel kenmerke van dissipelskap ons sal vandag kan aanhou en aanhou gesels. Ons gaan dit nie doen nie, daarom gaan ek by ‘n derde en laaste keuse vir vandag stilstaan. Jesus wys vir sy dissipels hoe belangrik dit is om jou hand vir mense in nood uit te steek.

Ons lees dat Petrus, vir solank hy sy oë op Jesus gehou het, op die water kon loop. Maar toe Petrus sy oë van die

Here afhaal en begin rondkyk begewe sy moed hom. Nou sien hy die pik donker nag om hom ... Hy sien die geweldige groot golwe ... Hy hoor die huilende winde van die storms. En hy begin wegsak in die diep, donker, onstuimige see. Ek wil ook graag ‘n dissipel van Jesus wees, maar soms is ek net soos Petrus. Ek haal my oë van God af en sien al die ander moeilike en lelike en onregverdige dinge rondom my raak.

Gelukkig wys Jesus vir ons ‘n ander vertroostende voorbeeld ~ Hy steek sy hand vir Petrus uit. Petrus het ‘n keuse, hy kan Jesus se hand vat of verdrink. Voel dit of jy verdrink, soek na Jesus se reddende hand (Hy is daar).

Onthou Jesus werk met mense deur mense. Ek en jy is Jesus se dissipels wat ons hand na mense in nood moet uitsteek. Ons hande word Jesus se hande en Jesus se hand in nood wil ook my en jou hand wees.

Ja, Jesus wys inderdaad vir ons wat dit beteken om ‘n dissipel van Jesus te wees.

Amen.

SLOTSANG / SEËNBEDE / WEGSENDING:

Gesang 284: 1, 2 & 3 ~ Laat, Heer, U vrede deur my vloei.